

Geloof: vaste vertrouwe in die onsienlike God

Hebreërs 11:1 sê om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie. Ons sê so maklik: sien is glo. Hebreërs sê: glo is om te sien. Om die onsienlike God te sien – dit is geloof!

En hier in Hebreërs 11 – daardie wonderlike hoofstuk van die Nuwe Testament – word 'n galery van geloofsgetuies aan ons voorgehou hoe hierdie gelowiges deur die eeue die onsienlike God gesien en onwrikbaar op sy beloftes bly hoop het.

In hierdie oordenking belig ons drie handvatsels om aan vas te hou om die betekenis van geloof te verstaan soos Hebreërs 11 dit aan ons voorhou:

- Geloof is om met die onsienlike *God te wandel* – *Henog* het geglo. Hy het met God, die onsienlike God, gewandel (Gen 5:24) en hy is deur God weggeneem sonder dat hy gesterf het (Heb 11:5). In persoonlike omgang met die ewige God het Henog in die geloof die Here gesien. Soos Abraham wat God se vriend was. Soos Noag toe hy 'n goddelike waarskuwing ontvang het aangaande *wat nog nie gesien was nie* die ark tot redding van sy gesin gebou het. En Henog het getuienis ontvang in sy hart dat Hy God behaag het. Wandel ons so in 'n lewende, persoonlike verhouding met ons hemelse Vader?
- Geloof is om aan God te *offer* – Hoeveel kere kom die sentrale begrip *offer* nie in die Hebreërbrief voor nie! Christus ons Hoëpriester het Homself vir ons gekruisoffer. Uit dank vir sy genade moet ons ook offer. So het Abel sy beste graanoffer gebring en God het sy offer aangeneem omdat Abel met sy hart geoffer het (Heb 11:4) *en deur dieselfde geloof spreek hy nou nog, al is hy reeds dood*. Abraham was gereed om sy seun Isak te offer in gehoorsaamheid aan God (Heb 11:17). Offer ons ook aan God en sy diens – in dankbaarheid vir sy genade?
- Geloof is om jou *vreemdelingskap* in hierdie wêreld te aanvaar – Hebreërs 13:14 sê *ons het hier geen blywende stad nie, maar ons soek die toekomstige*. Abraham het, toe hy geroep is, gelowig weggetrek uit sy familie na die land van die belofte *sonder om te weet waar hy sou kom*. Deur die geloof het hy as *vreemdeling gaan woon in die land van belofte soos in 'n vreemde land en in tente ...* Hoeveel gelowiges het nie moes vlug voor hulle vervolgers – ter wille van hulle geloof. Maar hulle het in die geloof volhard omdat hulle uitgesien het na die stad met fundamente waar hulle geen vreemdelinge sou wees nie.

So lewe ons in hierdie lewe: vreemdelinge vir die ongelowiges, maar as God se kinders wat 'n ewige tuiste by Hom sal ontvang.

Sing: Psalm 4:3 (1936)